

# St. Eusebius van Cremona

## 5 Maart

(sterf 423)

Tydens 'n besoek aan Rome het hy die heilige Hiëronymus ontmoet en hieruit het 'n lewenslange vriendskap gegroei. Saam gaan woon hulle in die Heilige Land waar hulle 'n gemeenskap by Bethlehem gestig het. Dit wil voorkom asof Eusebius dikwels rondgereis het om fondse vir hul projek in die Heilige Land te werf. Later keer hy terug na sy geboortestad, Cremona, waar hy die res van sy lewe deurgebring het. Hy was ook 'n teoloog van formaat en 'n raadgewer vir etlike pouse. In die Heilige Grafkerk in Bethlehem is daar 'n altaar ter ere van Eusebius opgerig.

© Die Oratorium Uitgewery